**Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit streef na dinamiese en doeltreffende dienslewering aan die gemeenskappe binne sy regsgebied. As 'n gelyke indiensnemingwerkgewer, beskik ons tans oor die onderstaande vakatures vir toepaslik gekwalifiseerde en ervare persone.**

# MUNISIPALE BESTUURDER

**(Vyfjaar vastetermyn- prestasiegebaseerde kontrak)**

**(Vastetermyn- dienskontrak van maksimum vyf jaar, nie langer nie as een jaar ná die Plaaslike Regeringsverkiesing)**

**Vergoedingspakket: Soos bepaal deur die toepaslike Regeringskennisgewing vir die Boonste Perke van die Totale Vergoedingspakkette vir Munisipale Bestuurders en Bestuurders wat regstreeks verantwoordbaar is aan die Munisipale Bestuurder, ten tye van aanstelling.**

Die aanstelling sal ingevolge die bepalings van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000) gemaak word.

**Werksentrum:** Alexanderstraat, Stellenbosch

**Minimum vereistes:** • B-graad in Publieke Administrasie / Politieke Wetenskappe / Geesteswetenskappe / Regte of soortgelyke kwalifikasie (NKR Vlak-7) • Voldoening aan die minimum bevoegdheidsvlakke, soos voorgeskryf in Staatskoerant Nr. 29967 van 15 Junie 2007 • Kandidate wat nie oor die mimimum bevoegdheidsertifikaat beskik nie, sal geleentheid gebied word om dit binne 18 maande na aanstelling te verkry, ingevolge Regeringskennisgewing Nr. 91 van 3 Februarie 2017, soos vervat in Staatskoerant Nr. 40593 • Minimum van vyf (5) jaar toepaslike ervaring op senior bestuursvlak en bewese suksesvolle institusionele transformasie binne die openbare of privaat sektor in finansiële bestuur, beleidsontwikkeling en bestuur, strategiese beplanning en implementering, programbestuur, monitering en evaluering, en verslagdoening oor dienslewering • Moet beskik oor die nodige Kernbevoegdhede soos vervat in Bylaes A en B van die Regulasies oor Aanstelling en Diensvoorwaardes van Senior Bestuurders, soos uiteengesit in Staatskoerant Nr. 37245 van 17 Januarie 2014 • 'n Geldige Kode B-rybewys.

**Kennis:** • Gevorderde kennis en begrip van toepaslike beleid en wetgewing • Gevorderde begrip van institusionele staatsbestuurstelsels en prestasiebestuur • Gevorderde begrip van raadswerksaamhede en die stelsel van delegasie van bevoegdhede • Goeie staatsbestuur • Vestiging en funksionaliteit van oudit- en risikobestuur • Begrotings- en finansiële bestuur.

**Persoonlike eienskappe:** • Integriteit, eerlikheid, volwassenheid en hoflikheid • Diplomasie en 'n verbintenis tot die lewering van progressiewe demokratiese en verantwoordbare regering • Strateeg en uitstekende korporatiewe beplanner • Uitstekende kommunikasie- en motiveringsvaardighede • Gevorderde onderhandelingsvaardighede • Analitiese denker • Diversiteitsbestuursvaardighede.

**Sleutelprestasie-areas:** • Uitvoer van pligte as Munisipale Bestuurder en Hoof van die Administrasie, soos vervat in Artikel 57 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000) • Integreer die munisipaliteit se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en moniteer die vordering ten opsigte van implementering • Verantwoordelik vir die samestelling en ontwikkeling van 'n ekonomiese, doeltreffende, doelmatige en verantwoordbare administrasie • Verseker die implementering van die prestasiebestuurstelsel soos bepaal deur die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000) • Bestuur die munisipaliteit se administrasie in ooreenstemming met die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000) en ander toepaslike wetgewing • Bestuur die lewering van dienste aan die plaaslike gemeenskap op 'n volhoubare en billike manier • Aanstelling van personeel buiten diegene waarna verwys word in Artikel 56 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000) en verseker doeltreffende aanwending, opleiding en dissipline van personeel • Lewer goeie en strategiese advies aan politieke strukture en politieke ampsdraers van die munisipaliteite • Bestuur kommunikasie tussen die munisipaliteit se administrasie en sy politieke structure • Uitoefening van enige magte en pligte wat deur die Munisipale raad, of deur ander delegerende gesagstrukture van die munisipaliteit na die Munisipale Bestuurder gedelegeer of gesubdelegeer word • Verseker die implementering van nasionale en provinsiale wetgewing wat op die munisipaliteit van toepassing is • Verantwoordelik en aanspreeklik vir alle munisipale inkomste en uitgawes, alle bates, die aansuiwering van alle munisipale aanspreeklikhede en die behoorlike en vlytige implementering van en voldoening aan nasionale en provinsiale wetgewing wat op die munisipaliteit van toepassing is.

**NB:** Kortlyskandidate sal aan bevoegdheidevaluerings en sekuriteitsklaring onderwerp word. Daar sal van die suksesvolle kandidaat verwag word om 'n vastetermyndienskontrak met die munisipaliteite aan te gaan, en onderhewig te wees aan prestasiebeoordeling deur middel van 'n getekende jaarlikse prestasie-ooreenkoms en moet sy/haar finansiële belange verklaar.

**Rig asseblief navrae aan die Uitvoerende Burgemeester (Raadsheer (Dr) H von Schlicht) by tel. 021 870 3203 of hvschlicht@capewinelands.gov.za.**

**Persone wat belangstel, moet asseblief die amptelike aansoekvorm wat verkrygbaar is by die Direkteur: Menslike Hulpbronne, me. GCN Julie by tel. 021 888 5124 of gail@capewinelands.gov.za of op die webtuiste by www.capewinelands.gov.za, voltooi.**

**Die omvattende CV's moet aangeheg word by die aansoekvorm, vergesel van oorspronklik gewaarmerkte, ware afskrifte van kwalifikasiesertifikate, insluitend 'n gewaarmerkte verklaring van Eenheidstandaarde behaal ten opsigte van die Munisipale Minimumbevoegdheidskwalifikasie, identiteitsdokument en rybewys en moet ingedien word by die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit (vir die aandag van die Direkteur: Menslike Hulpbronne, me. GCN Julie), Posbus 100, Stellenbosch 7599, of Alexanderstraat 46, Stellenbosch 7600.**

**Nota:** Aansoeke wat laat, onvolledig, per faks en/of elektronies ontvang word, sal nie oorweeg word nie.

**Sluitingsdatum:** 8 Julie 2022 om 15:00

*Indien u nie binne drie (3) maande na die sluitingsdatum vir die advertensie gekontak word nie, aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was. Die Raad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.*

KAAPSE WYNLAND DISTRIKS
MUNISIPALITEIT • MUNICIPALITY • UMASIPALA

www.ayandambanga.co.za
145633